Beeld, Dinsdag 11 Maart 2008

# Phosa ontpop nou as nasiebouer

Ek verwys na die brief "Wens elke Afrikaner wil soos Phosa begin dink" (8 Maart).

Dr. Mathews Phosa se houding en gereelde positiewe uitsprake oor Afrikaans is beslis prysenswaardig en bevorderlik vir nasiebou. Ons land het dit baie nodig.

As voormalige premier van Mpumalanga kon hy nie juis erekleure verdien met sy taak om bedrog en korrupsie in daardie provinsie aan bande te lê nie.

Dit lyk egter of hy nou in 'n uitstekende nasiebouer ontpop het en almal se steun daarvoor verdien. Solank dit nie net om politieke gewin gaan nie.

■ **Louis van Rooyen, Faerie Glen**